COMMUNITY NEWSPAPER
Gans Berg Nuus/News
PRICE R15.00
12 Desember 2025
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
281ste Uitgawe

TMS BOUERS
Manny 082 675 8410
Since 1999
Dankie vir die ondersteuning
Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar
NHBRC No: 3000265163 Reg No: 1999/031335/23

# Christmas Carols Gansbaai Gans-Berg Nuus

Opwinding in die Gans-Berg Nuus se kantoor loop hoog - die redaksie se *Christmas Carols Gansbaai* op Dinsdag, 16 Desember 2025 is om die draai - en toegang is gratis! Die gesellige byeenkoms, vir almal met 'n hart vir die Afrika-pikkewyn - oud én jonk - vind plaas vanaf 18:00 tot 22:00 by die Gansbaai Gholfklub, Perlemoenstraat, Van Dyksbaai. Die geleentheid is ten bate van die APSS (*African Penguin & Seabird Sanctuary*) vir die versorging van die bedreigde Afrika-pikkewyn.



*Die African Penguin & Seabird Sanctuary in Kleinbaai, waar Afrika-pikkewyne versorg word en aan wie die Gans-Berg Nuus ,n bydrae wil lewer.*



*Gans-Berg Nuus se gedugte span.*

**Wat wag op besoekers?**
'n Feestelike atmosfeer met musiek en 'n verskeidenheid stalletjies; Die kans om vinnig nog "vergete" Kersgeskenke vir geliefdes aan te skaf; Kos- en koeldrankstalletjies vir die hongeriges en dorstiges. Kontant- en kaartfasiliteite beskikbaar by die stalletjies; 'n Kontantkroeg sal beskikbaar wees. Alle fondse wat gegenereer word (onder andere stalletjiehouers se inskrywingsfooie) gaan as donasie aan die APSS - vir die versorging en voeding van die bedreigde Afrika-pikkewyn, asook medikasie.

**Die "ysterdames" agter die skerms**
Die voorafgaande voorbereiding en harde werk is alles deur die Gans-Berg Nuus se gedugte span dames gedoen: Michelle van Zyl (eienaar), Tracy Hulme, Melissa van Rooyen, Janine Williams en Freda Potgieter.

*volg op bladsy 2*

066 515 5139
38 Industry Circle (old Pet Express)
Industrial Area
Gansbaai
TAPS TILES
SANITARYWARE
BATHS
PLUMBING SUPPLIES
GANSBAAI TAP & TILE

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




Die harde werk het ingesluit: pakkies opmaak, versierings maak, brosjures saamstel en druk, asook om interessante "dingetjies" as verrassings gereed kry - alles terwyl hulle steeds die weeklikse koerant-uitgawes moes finaliseer. Hulle sal maklik uitgeken word aan hul kleurvolle, bloedrooi uitrustings. Selfs Hardus Botha (joernalis) - kan jy glo - sal in 'n bloedrooi hemp verskyn!

**Stalletjiehouers**
Daar is reeds heelwat stalletjiehouers vanuit die Groter Gansbaai - hulle word opreg waardeer vir die ondersteuning. Nog belangstellendes wat 'n stalletjie vir hierdie groot geleentheid met 'n goeie doel wil bespreek, kan Michelle van Zyl by 078 010 8286 kontak, of stuur 'n epos aan haar by michelle@gansberg.co.za.



**Onthou die datum!**
Dinsdag, 16 Desember 2025 vanaf 18:00 tot 22:00 by Gansbaai Gholfklub, die mees suidelike gholfbaan in die land - alles ten bate van die taaiste, kleinste en kritiek-bedreigde voëltjie in die oseaan: die Afrika-pikkewyn! Pikkewyn-Reddingsnommer: 072 598 7117.

**Gans-Berg Nuus se pad van sukses**
Die weeklikse gemeenskapskoerant, Die Gans-Berg Nuus, se eerste uitgawe het op 3 Julie 2020 verskyn - midde die COVID-19-krisis. Michelle en haar span het vasgebyt, en met volgehoue harde werk en entoesiasme kan daar met trots na meer as vyf jaar se sukses teruggekyk word. Die koerant het net van krag tot krag gegroei. "Ons bedank steeds ons lojale lesers, asook ons getroue adverteerders, vir elkeen se volgehoue ondersteuning," sê Michelle. "Ook byvoorbaat dankie vir almal se ondersteuning op 16 Desember 2025 wat om die draai is."

**Hardus Botha**

# New Provincial Nature Reserve declared: Lettas Kraal

The formal declaration of Lettas Kraal Nature Reserve on 7 November 2025 was warmly welcomed by CapeNature. Located 30 km southeast of Touws River, the reserve spans 7 050 hectares of natural rangeland in the Little Karoo, within the globally recognised Succulent Karoo biome.



**A Boost for Biodiversity Conservation**
Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, praised the declaration: "Lettas Kraal's inclusion in our protected area network is another positive stride towards achieving the province's conservation goals. Each new reserve strengthens ecological networks that support communities and the economy. Every hectare protected ensures a healthier, more resilient environment for future generations."

**Collaborative Stewardship**
CapeNature facilitated the legal process under the National Environmental Management Protected Areas Act, with support from the Endangered Wildlife Trust and landowners Johan and Tessa Roodt. Initial desktop surveys in 2019 led to its designation as a Contract Nature Reserve, followed by a comprehensive biodiversity assessment in 2020.

**Rich Ecological Findings**
A 57-day camera trap survey using 78 stations recorded 3 008 images of 43 species, including brown hyena, leopard, honey badger, and the Critically Endangered riverine rabbit. Further surveys revealed: *97 bird species; *9 butterfly and 7 moth species; *11 lizards/skinks; *11 snakes; *4 frogs: *4 scorpions; *1 tortoise and 1 terrapin; *814 plant species, including several potentially new to science.

"We applaud every landowner who takes the bold step to have their property declared a protected area," said CapeNature CEO, Dr Ashley Naidoo. "While the path to declaration can be complex, CapeNature has committed to supporting landowners who want to play a role in expanding the Western Cape's Protected Area Network." The declaration of Lettas Kraal highlights the power of partnerships between government, conservation organisations, and private landowners in securing the Western Cape's natural heritage. Landowners interested in formal protection for their properties can contact CapeNature's Stewardship Team at wcpaes2025@capenature.co.za.
(*Information provided by CapeNature Communications Officer, Luke Folb, and article shortened by Hardus Botha, Gans-Berg News*)

**Hardus Botha**











# HaS-personeel Kersete - eerste keer in 7 jaar


'n Gesellige oomblik tydens HaS-personeellede se eerste gesamentlike Kersete in 7 jaar.

"Ons sit vandag nie hier met medisyne-trollies, stapels papierwerk of klokkies wat lui nie - nee, ons is hier in nadenkende samesyn oor die afgelope jaar, vol vrolikheid en harte vol dankbaarheid," het Lynette Andrews, Bestuurder van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes (HaS), aan haar personeel gesê. Ek lig my glas - nie net vir die jaar wat verby is nie - maar vir die mense wat dit moontlik gemaak het."

Die baie spesiale geleentheid was 'n jaarafsluitings-Kersete vir HaS se personeellede op Dinsdag, 2 Desember 2025, by die Blue Goose-restaurant - die eerste gesamentlike Kersete in 7 jaar!
Alle instansies reël dié tyd van die jaar Kersetes - wat maak HaS se ete so besonders? "Dit is ekstra spesiaal, aangesien dit die eerste keer in 7 jaar is dat die Tehuis se personeel almal saam so 'n funksie kon bywoon," het Lynette gesê. "Dit is natuurlik ook te danke aan Gansbaai Kliniek se afgetrede Suster Petro Prinsloo – sy was bereid om vir ons in te staan en 'n wakende ogie oor ons geliefde inwoners te hou, terwyl ons 'n welverdiende samesyn en afskeid kon geniet."

Met 'n besige 2025 agter die rug, het Lynette met reg soos volg na haar personeel verwys: "Julle is ons superhelde in uniforms, voorskote, overalls en soms selfs pantoffels. Al stem ons nie altyd met alles saam nie, en al 'krap' dinge soms bietjie, sorteer ons dit altyd uit en staan ons saam wanneer dit regtig tel. Ons inwoners voel daagliks die warmte van julle harte, die krag van julle opofferings en die lig van julle humor - dit is waarom ons ouetehuis nie net 'n plek van versorging is nie, maar 'n tuiste."

Die onderskeie personeelafdelings kon nie beter beskryf word as in Lynette se eie woorde nie: ***Versorgers en verpleegpersoneel*: Julle is die engele wat dag en nag sorg dat ons inwoners nie net gesond bly nie, maar ook geliefd voel. Julle kan 'n temperatuur neem, 'n wond verbind én 'n glimlag gee - alles in een beweging; ***Kombuispersoneel*: Julle is die kos-kunstenaars. En ja, ons weet, die geheim lê nie altyd in nog 'n bietjie sout of 'n sousie nie - dit kort liefde en baie geduld; ***Skoonmaakspan*: Julle is die stille helde - julle maak skoon nog voordat die stof kans kry om te gaan lê; ***Administrasie en Bestuur*: Julle hou die wiele aan die rol. Papierwerk, begrotings, beplanning - en tog het julle altyd nog tyd vir 'n grappie of 'n koppie koffie, én 'n lekker uit-die-maag-lag-sessie; ***Handyman-span*: Percy en Moses is die Tehuis se A-Team en MacGyvers - julle hande (en rûe) staan vir niks verkeerd nie.
Lynette het die Gans-Berg Nuus meegedeel dat HaS 'n baie besige, maar geseënde jaar agter die rug het: "Elkeen van ons personeellede, vanaf die waskamer tot die skoonmakers, het 'n groot aandeel in ons program se sukses en die uitstekende volgehoue versorging van ons geliefde inwoners gespeel!"
Langdiens-sertifikate is ook gedurende die jaar aan personeel met langer as 10 jaar diens oorhandig - met Anna Pieters wat al 21 jaar 'op die klok' het! Personeellede wat Eerstehulp-kursusse voltooi het, het ook sertifikate ontvang.

"Mag die nuwe jaar vir almal van ons by die Tehuis net soveel lag, spangees en sukses bring soos wat julle elke dag hier in die ouetehuis saai - elkeen van julle word waardeer," het Lynette gesê.

**Hardus Botha**


*Herberg aan See se Beheerraadslede het 2025 se laaste vergadering van die jaar by die Blue Goose-restaurant gehou en die jaar daarna gesellig op Blue Goose se pragtige stoep afgesluit. Op die foto is die lede wat teenwoordig was saam met Riaan Franken (regs voor) van die Blue Goose.*
*Hardus Botha*





# Franskraal Kunsroete




Liz Uys




Laurenda




Gina



Mada Vorster



Connie Pienaar



Carine




**Liz Uys:** Ek is kreatief, nie kunstig nie. Alhoewel ek my hele lewe lank al naaldwerk doen, het ek sowat ses jaar gelede met leerwerk begin. Ek maak unieke handsakke en ander sakke - ek kompeteer nie met winkels nie; elke sak word volgens die kliënt se spesifikasies gemaak. Elke sak is "Handmade by Lizzybean".

**Laurenda:** What inspires my Cyanotype art? Working with Cape Fynbos is my way of honouring a fragile, irreplaceable ecosystem. I am drawn to Cyanotype because it feels like a collaboration with nature itself. In sharing these sun-developed botanical artworks, I hope people will not only see the beauty of Fynbos but also draw attention to the vulnerability of these plants.

**Gina:** I have been painting in oil on canvas for the last 23 years. I love birds, fynbos, and landscapes or seascapes.

**Mada Vorster:** Ek maak porseleinpoppe - reproduksies van antieke poppe uit die 1800's. Die kleertjies, handgemaak, is van die fynste sy, katoen en antieke kant. My passie vir hierdie stokperdjie het my gelei om die hoogste internasionale kwalifikasie in die reproduksie van antieke poppe te verwerf, en daarna ook top-toekennings by die Doll Artisan Guild in Amerika te wen. Ek borduur ook tonele met lint en sygare.

**Connie Pienaar:** Ek spesialiseer in kraalgeborduurde juweliersware - my passie sedert 2009. Dit beperk egter nie my kreatiwiteit nie; ek bied 'n verskeidenheid juwele aan. Alles is handgemaak en met 'n kritiese oog beoordeel om uitstaande kwaliteit te lewer.

**Carine:** The Great Creator has always been my only tutor - painting from the soul is my motivation. Life, as well as music and the written word, my other talents, are my inspirations. Colours are important - they keep me grounded amidst the grey of smoke and fog in my life. "*Colours, like features, follow the changes of emotions*" - Pablo Picasso.

**Hardus Botha**

**Waar Kreatiwiteit See Ontmoet**

Die Franskraal Kunsroete is jaarliks 'n moet om te besoek - kunstenaars met skilderye om van te kies en te keur - in hulle persoonlike kreatiewe omgewings. Inwoners van Groter Gansbaai, asook besoekers, kan hulle gereed maak vir 'n kleurvolle, kunsgevulde vakansienaweek in die hart van Franskraalstrand - wanneer ons kusdorp in 'n lewende galery vol inspirasie en talent ontpop.

Besoek ons plaaslike kunstenaars en kunsvlyters in hul eie kreatiewe ruimtes - kyk hoe kuns tot lewe kom en geniet elke unieke styl en storie langs die roete. Ontdek die verborge juwele van Franskraalstrand - 'n fees van gemeenskap, kleur en kreatiwiteit! Moenie hierdie inspirasievolle kunsreis langs die see misloop nie - waar kuns, gemeenskap en die see mekaar ontmoet!

**Maak 'n knoop in die oor**

Franskraal Kunsroete: Datum: 20-23 Desember 2025; Tyd: 10:00 tot 16:00; Plek: Franskraalstrand; Kontak: Dries Dreyer - 082 332 9386; Hester Coetzee - 081 472 2775; E-pos: fkbelastingbv@gmail.com.

**Ontmoet ons kunstenaars**



# Franskraal Rolbalklub 2025 Kampioene gekroon



*2025 se Senior Enkelspel Kampioene (Goud): Tommie van Niekerk en Elra le Roux.*

Franskraal Rolbalklub se gesellige jaareindfunksie op Saterdag, 6 Desember 2025, was gevul met pure opgewondenheid. Hoe dan nou anders? 2025 se kampioene en presteerders is onder luide toejuiging aangekondig - bekers, trofeë en medaljes (goud en silwer) was oral waar 'n mens gekyk het. Lani Swart (president) het die kampioene aangekondig en Kokkie de Kock (wedstrydsekretaris) het die medaljes aan Johan Ackermann (vise-president) aangegee vir oorhandiging.

Die 2025 Algehele Senior Enkelspel-kampioene (goud) is Elra le Roux (dames) en Tommie van Niekerk (mans). Die naaswenners (silwer) is Lorette Sieg (dames) en Johan van der Mescht (mans). Boland 2 x Bal Enkels Veterane (goud) - David Roos; en die Pro Ten (silwer) - David Roos en Johan van der Mescht. Baie geluk aan hierdie rolbalspelers!



*Wenners van goue medaljes.*

**Klubkompetisie-kampioene**
(slegs goud word vermeld)
Beginners Dames Enkels - Lorette Sieg; Beginners Mans Enkels - Michael Swart; Gekose Dames Pare - Lani Swart en Elra le Roux; Gekose Mans Pare - Tommie van Niekerk en Johan van der Mescht; Gekose Gemengde Pare - Jaco Swart en Elra le Roux; Gelote Dames Pare - Lani Swart en Lorette Sieg; Gelote Mans Pare - Johan van der Mescht en Michael Swart; Gelote Driespel - Charl Conradie, Poelie van Vreden en Kobus Geyser; Voorgee Enkels Gemeng - David Roos; Tweebal Enkels Dames - Lorette Sieg; Tweebal Enkels Mans - Jurgens Schreuder.

Lani Swart het 'n spesiale en nuwe trofee aan die klublede voorgehou: die Lizette van Wyk Wisseltrofee vir die Beste Presteerder gedurende die jaar. "Lizette was een van ons lede wat oorlede is en sy was klublid Adri Bester se suster," het Lani gesê. "Lizette se kinders het die trofee laat maak en aan ons klub geskenk." Die 2025-wenner van die pragtige, goue wisseltrofee is Lorette Sieg.

Die volgende klublede (alfabeties) het 'n suksesvolle merkerskursus op 29 en 30 Junie 2025 deurloop: Adri Bester, Altus le Roux, Henry Ford, Johan Ackermann, Kobus Geyser, Lorette Sieg, Marieta Steyn, Marlene van Rooyen, Michael Swart, Pieter van Dyk, Sakkie Joubert en Stefanie Swanepoel. Baie geluk!

**Hardus Botha**



*Wenners van silwer medaljes.*



*Adri Bester, Lorette Sieg (2025 Beste Presteerder) en Lani Swart.*



*Klublede wat 'n Merkerskursus geslaag het.*






Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Gansbaai Academia
# Unveiling of Research and Education Hub


*Unveiling the Research and Education Hub: Ms Makeke-Shumi (Act Deputy), Mr Phillips (Deputy), Ms Fortuin (Headmaster) and Prof Van Wyk (NWU).*


Jessica Daniel-Smit and Prof Carien van Wyk.

"Today, Monday, 24 November 2025, marks the beginning of a new chapter in how we imagine, produce and share knowledge," said Carien Fortuin, Headmaster of Gansbaai Academia. "The Research and Education Hub represents our commitment to creating an environment where innovation thrives, where interdisciplinary collaboration is strengthened, and where research is not only conducted, but lived."


*Chanè Dickson, Jessica Daniel-Smit and Prof Carien van Wyk.*

Carien said the school is excited to have wellness hubs for the benefit of teachers, learners and the broader Gansbaai community. "It was a journey of almost two years to reach this moment, and we truly thank everyone for their contribution," she said. "As we launch this Research Hub today, we celebrate not only an achievement, but also the promise of what it will become: a vibrant centre of excellence that will continue to elevate NWU's presence and impact in Gansbaai."



**Background (shortened)**

"The idea for what is now the Research and Education Hub began in August 2023 during an early discussion between the then Research Director of COMPRES (Community Psychosocial Research), Prof Retha Bloem, and Principal Carien Fortuin," said Jessica Daniel-Smit (NWU). At that time, the school faced several challenges relating to learners' psychosocial well-being, which were already reflected in mid-year academic results and raised concern about the emotional strain learners were experiencing.

The broader Gansbaai community, like many in the Overberg, faces significant social and economic pressures, and learners often carry these stressors into the classroom. From NWU's side - specifically COMPRES and collaborating departments - there has always been a strong commitment to supporting communities. "We believe research can be a catalyst for change, especially in schools that serve as anchors for young people," Jessica said. The idea of creating a dedicated space grew naturally from these discussions. The concept was envisioned not just as a therapeutic space, but as a psycho-educational hub: a safe, calm environment supporting learners, teachers, social workers, psychologists and researchers. A place for mental-health services, workshops and research activities in a setting that protects privacy, promotes well-being and strengthens academic outcomes.

The hub also creates a space for COMPRES researchers to work directly within the Gansbaai community. Studies can now be conducted on-site in an accessible, respectful and community-driven manner. It further opens opportunities for psychologists and social workers to engage in outreach programmes and workshops that benefit the school. Light refreshments were served after the launch.

**Hardus Botha**



## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### REMAINDER OF PORTION 3 OF THE FARM BAVIAANS FONTEYN NO. 703, REMAINDER OF PORTION 14 (VYGE RUG) (PORTION OF PORTION 3) OF THE FARM BAVIAANS FONTEYN NO. 703, REMAINDER OF PORTION 1 (GROOT BOS) OF THE FARM GROOT BOS NO. 698, REMAINDER OF PORTION 1 OF THE FARM HELDERFONTEIN NO. 688, PORTION 5 (A PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM HELDERFONTEIN 688, PORTION 1 OF THE FARM NO. 685 AND PORTION 1 (PAARDE KLOOF) OF THE FARM NO. 686, DIVISION CALEDON, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR SUBDIVISION, REZONING, CONSOLIDATION, AMENDMENT OF THE APPROVED SITE DEVELOPMENT PLAN AND CONDITIONS OF APPROVAL AND DETERMINATION OF AN ADMINISTRATIVE PENALTY: TOWN AND COUNTRY ON BEHALF OF GROOTBOS ACCOMMODATION ENTERPRISES LIMITED, GROOTBOS PROTEA (PTY) LTD AND NOORDWAL WEST 4 (PTY) LTD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law), of the following applications applicable to the above-mentioned property, namely:

**Subdivision**
Application in terms of Section 16(2)(d) of the By-Law in order to:
- subdivide Portion 3 of the Farm No. 703 into two (2) portions namely, a Remainder ±267,76ha in extent and Portion A ±10ha in extent, and
- subdivide Portion 14 of the Farm No. 703 into three (3) portions namely, Remainder (±87,02ha), Portion B (±79,8ha) and Portion C (±91,4ha) in extent.

**Rezoning**
Application in terms of Section 16(2)(a) of the By-Law, to rezone the proposed Portion A from Agricultural Zone 1 to Special Zone.

**Consolidation**
Application In terms of Section 16(2)(e) of the By-Law in order to:
- consolidate Portion A (±10ha), Portion B (±79,8ha) Portion 1 of Farm No. 698 (±124,2193ha) and Portion C (±91,4ha) to create a consolidated farm of ±305,4193ha in extent;
- consolidate Portion 1 of Farm 688 (±755,7751ha) and Portion 5 of Farm 688 (±88,0452ha) to create a consolidated farm of ±843,8203ha in extent, and
- consolidate Portion 1 of Farm 685 (±17,3419ha) and Portion 1 of Farm No. 686 (±95,7689ha) to create a consolidated farm of ±113,1108ha in extent.

**Amendment of site development plan and conditions of approval**
Application In terms of Section 16(2)(l) of the By-Law in order to:
- accommodate two (2) additional primary dwellings on the approved Special Zone (Private Accommodation Area);
- to increase the Private Accommodation Area Precinct from 2ha to 2,3342ha;
- amendment of conditions 4.6.3 and 4.6.4 of an existing approval to allow a height restriction of 5.5m applicable to the additional dwellings;
- amendment of paragraph 2.2 of the approved Special Zone 3 to include the landing strip as a primary use, and
- amendment of paragraph 2.3 of the approved Special Zone 3 to include tourist accommodation as a primary use.

**Determination of an administrative penalty**
Application in terms of Section 16(2)(q) of the By-Law to legalize the administrative building as a dwelling.

Details regarding the proposal is available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning at 16 Paterson Street, Hermanus and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing in terms of the provisions of Sections 51 and 52 of the By-law and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (f) 028 313 2093 / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **Friday, 23 January 2026**, quoting your name, address, contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to the **Town Planner, Mr. S. van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Any person who cannot read or write may visit the Town Planning Department where a municipal official will assist them in order to formalize their comment.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### RESTANT VAN GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS BAVIAANS FONTEIN NR. 703, RESTANT VAN GEDEELTE 14 (VYGE RUG) (GEDEELTE VAN GEDEELTE 3) VAN DIE PLAAS BAVIAANS FONTEYN NR. 703, RESTANT VAN GEDEELTE 1 (GROOT BOS) VAN DIE PLAAS GROOT BOS NR. 698, RESTANT VAN GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS HELDERFONTEIN NR. 688, GEDEELTE 5 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS HELDERFONTEIN 688, GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS NR. 685 EN GEDEELTE 1 (PAARDE KLOOF) VAN DIE PLAAS 686, AFDELING CALEDON: AANSOEK OM ONDERVERDELING, HERSONERING, KONSOLIDASIE, WYSIGING VAN DIE GOEDGEKEURDE TERREINONTWIKKELINGSPLAN EN GOEDKEURINGSVOORWAARDES EN BEPALING VAN 'N ADMINISTRTIEWE BOETE: TOWN AND COUNTRY NAMENS GROOTBOS ACCOMMMODATION ENTERPRISES LIMITED, GROOTBOS PROTEA (PTY) LTD AND NOORDWAL WEST 4 (PTY) LTD

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening), van die volgende aansoeke van toepassing op die bogenoemde eiendom, naamlik:

**Onderverdeling**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(d) van die Verordening ten einde:
- Gedeelte 3 van Plaas Nr. 703 in twee (2) gedeelte te onderverdeel naamlik, 'n Restant ±267,76ha groot en Gedeelte A ±10ha groot, en
- Gedeelte 14 van Plaas Nr. 703 te onderverdeel in drie (3) gedeeltes naamlik, 'n Restant (±87,02ha), Gedeelte B (±79,8ha) en Gedeelte C (±91,4ha) groot.

**Hersonering**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(a) van die Verordening om die voorgestelde Gedeelte A vanaf Landbousone 1 na 'n Spesialesone te hersoneer.

**Konsolidasie**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(e) van die Verordening ten einde:
- Gedeelte A (±10ha), Gedeelte B (±79,8ha), Gedeelte 1 van Plaas Nr. 698 (±124,2193ha) en Gedeelte C (±91,4ha) te konsolideer om 'n gekonsolideerde plaas van ±305,4193ha groot te skep;
- konsolidasie van Gedeelte 1 van Plaas 688 (±755,7751ha) en Gedeelte 5 van Plaas 688 (±88,0452ha) om 'n gekonsolideerde plaas van ±843,8203ha groot te skep, en
- konsolidasie van Gedeelte 1 van Plaas 685 (±17 3419 ha) en Gedeelte 1 van Plaas 686 (±95,7689ha) om 'n gekonsolideerde plaas van ±113,1108ha groot te skep

**Wysiging van die terreinontwikkelingsplan en goedkeuringsvoorwaardes**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(l) van die Verordening ten einde:
- twee (2) addisionele hoofwonings op die goedgekeurde Spesialesone (Privaat Akkommodasie Area) te akkommodeer;
- die Privaat Akkommmodasie Area vanaf 2ha na 2,3342ha te verhoog;
- wysiging van bestaande goedkeuringsvoowaardes 4.6.3 en 4.6.4 om 'n hoogtebeperking van 5.5m van toepassing op die addisionele wooneenhede toe te laat;
- wysiging van paragraaf 2.2 van die goedgekeurde Spesialesone 3 om 'n landingstrook as 'n primêre gebruik in te sluit;
- wysiging van paragraap 2.3 van die goedgekeurde Spesialesone 3 om toeriste akkommodasie as 'n primêre gebruik in te sluit.

**Bepaling van 'n administratiewe boete**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(q) van die Verordening om die administratiewe gebou as 'n woning te wettig.

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 and 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus; Stanford Biblioteek, Queen Victoriasstraat, Stanford en die munisipale webtuiste by die volgende skakel https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Enige kommentaar moet skriftelik wees ingevolge die bepalings van Artikels 51 en 52 van die Verordening en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (f) 028 313 2093 / (e) alida@overstrand.gov.za) bereik voor of op **Vrydag, 23 Januarie 2026,** met u naam, adres, kontakbesonderhede, belang in die aansoek, en die redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Stadsbeplanner, Mnr. S. van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Departement Stadsbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

*U aandag word gevestig op die Bepalinge van die "POPI" Wet, en aangesien u opmerking deel sal uitmaak van 'n openbare deelname proses, u derhalwe toestem dat u naam, van en kontakbesonderhede openbaar gemaak mag word.*

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### INTSALELA YESAHLULO SESI-3 SEFAMA IBAVIAANS FONTEYN NO. 703, INTSALELA YESAHLULO SE-14 (UMBHOXO WEVYGE) (UMLINGANISELO WESAHLULO SESI-3) SEFAMA IBAVIAANS FONTEYN NO. 703, INTSALELA YESAHLULO SOKU-1 (GROOT BOS) SEFAMA IGROOT BOS NO. 698, INTSALELA YESAHLULO SOKU-1 SEFAMA IHELDERFONTEIN NO. 688 ICANDELO LESI-5 (INXALENYE YESAHLULO SOKU-1) SEFAMA IHELDERFONTEIN 688, ISAHLULO SOKU-1 SEFAMA ENGUNOMBOLO 685 KUNYE NESAHLULO 1 (PAARDE KLOOF) SEFAMA ENGUNOMBOLO 686, ICANDELO LASECALEDON, UMMANDLA KAMASIPALA WASEOVERSTRAND: ISICELO SOKWAHLULWA, UKUCANDWA NGOKUTSHA, UKUDITYANISWA, UKULUNGISWA KWESICWANGCISO SOPHUHLISO LWESIZA ESIVUNYIWEYO KUNYE NEMIQATHANGO YOKUVUNYWA NOKUMISELWA KWESOHLWAYO SOLAWULO: IDOLOPHU KUNYE NELIZWE EGAMENI LEGROOTBOS ACCOMODATION ENTERPRISES LIMITED, GROOTBOS PROTEA (PTY) LTD KUNYE NENOORDWAL WEST 4 (PTY) LTD

Isaziso siyanikezelwa ngokwemigaqo yeCandelo lama-48 loMthetho kaMasipala oLungisiweyo waseOverstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, 2020 (uMthetho kaMasipala), sokuba isicelo sifunyenwe koku kulandelayo:

**Ulwahlulo**
Isicelo ngokweCandelo le-16(2)(d) loMthetho kaMasipala ukuze:
- yahlula iSahlulo sesi-3 seFama enguNombolo 703 ibe ngamacandelo amabini (2) angala, iNtsalela ±267,76ha ngobungakanani kunye neSahlulo A ±10ha ngobungakanani, kunye
- yahlula iSahlulo se-14 seFama enguNombolo 703 ibe ngamacandelo amathathu (3) angala, iNtsalela (±87,02ha), iSahlulo B (±79.8ha) kunye neSahlulo C (±91,4ha) ngokomlinganiselo.

**Ukucandwa ngokutsha**
Isicelo ngokweCandelo le-16 (2) (a) loMthetho kaMasipala, ukucanda ngokutsha iSahlulo A esicetywayo ukusuka kuMmandla wezoLimo woku-1 ukuya kuMmandla oKhethekileyo.

**Ukuhlanganisa**
Isicelo ngokweCandelo le-16(2)(e) loMthetho kaMasipala ukuze:
- hlanganisa iSahlulo A (±10ha), iSahlulo B (±79,8ha) iSahlulo soku-1 seFama enguNombolo 698 (±124,2193ha) kunye neSahlulo C (±91,4ha) ukudala ifama edityanisiweyo ye-±305,4193ha ngokomlinganiselo;
- hlanganisa iSahlulo soku-1 seFama 688 (±755,7751ha) kunye neSahlulo sesi-5 seFama 688 (±88,0452ha) ukudala ifama edityanisiweyo ye-±843,8203ha ngokomlinganiselo, kunye
- hlanganisa iSahlulo soku-1 seFama 685 (±17,3419ha) kunye neSahlulo soku-1 seFama enguNombolo 686 (±95,7689ha) ukudala ifama edityanisiweyo ye-±113,1108ha ngokomlinganiselo.

**Ukulungiswa kwesicwangciso sophuhliso lwesiza kunye neemeko zokuvunywa**
Isicelo ngokweCandelo le-16(2)(l) loMthetho kaMasipala ukuze:
- thatha iindawo zokuhlala ezimbini (2) ezongezelelweyo ezingundoqo kuMmandla oKhethekileyo ovunyiweyo (iNdawo yokuHlala yaBucala);
- ukwandisa iNdawo yokuHlala yaBucala ukusuka kwi-2ha ukuya kwi-2,3342ha;
- ukulungiswa kweemeko 4.6.3 kunye ne-4.6.4 zemvume ekhoyo ukuvumela uthintelo lobude obuyi-5.5m olusebenzayo kwiindawo zokuhlala ezongezelelweyo;
- ukulungiswa komhlathi 2.2 woMmandla oKhethekileyo ovunyiweyo wesi-3 ukubandakanya umcu wokumisa njengowona setyenziso luphambili, kunye
- ukulungiswa komhlathi 2.3 woMmandla oKhethekileyo wesi-3 ovunyiweyo ukuze uquke indawo yokuhlala yabakhenkethi njengeyona nto isetyenziswayo.

**Ukumiselwa kwesohlwayo solawulo**
Isicelo ngokweCandelo le-16(2)(q) loMthetho kaMasipala ukuze kusemthethweni isakhiwo solawulo njengendawo yokuhlala.

Iinkcukacha malunga nesindululo ziyafumaneka ukuze zihlolwe phakathi evekini phakathi kwe-08:00 kunye ne-16:30 kwiSebe: UCwangciso lweDolophu e-16 Paterson Street, eHermanus nakwiphepha lewebhu likamasipala kolu nxibelelwano lulandelayo https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Nawaphi na amagqabantshintshi kufuneka abhalwe ngokwemigaqo yeCandelo 51 nelama-52 loMthetho kaMasipala kwaye afikelele kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (f) 028 313 2093 / (e) alida@overstrand.gov.za) **ngoLwesihlanu 23 EyoMqungu 2026**, ucaphula igama lakho, idilesi, iinkcukacha zoqhagamshelwano, umdla kwisicelo kunye nezizathu zokuphawula. Imibuzo ye-Telephonic inokwenziwa **kuMcwangcisi weDolophu, uMnu. S. van der Merwe** ngo-028 313 8900. UMasipala usenokwala ukwamkela izimvo azifumeneyo emva komhla wokuvala. Nawuphi na umntu ongakwaziyo ukufunda nokubhala angatyelela iSebe loCwangciso lweDolophu apho igosa likamasipala liya kubancedisa ukuze benze izimvo zabo zibe sesikweni.

*Nceda uqaphele ukuba ngokoMthetho woKhuseleko lweNgcaciso loLwazi laBuqu (POPIA), uya kuba ungena kwinkqubo kawonke-wonke kwaye uvuma ukuba igama lakho, ifani, iinkcukacha zoqhagamshelwano kunye nezimvo zingabhengezwa / zisetyenziswe kwi (isicelo) inkqubo.*

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 253/2025

155469

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 605, 22 MIDDELKUSWEG, GANSBAAI, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR AMENDMENT OF CONDITIONS OF AN EXISTING APPROVAL, DEPARTURE AND DETERMINATION OF AN ADMINISTRATIVE PENALTY: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF ALOEFIN NO. 1 (PTY) LTD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) of the following applications applicable to Erf 605, Gansbaai (the property), namely:

**Amendment of conditions of an existing approval**
Application in terms of Section 16(2)(h) of the By-Law in order to amend the decision of the Mayoral Committee dated 30 August 2006 to accommodate six (6) flats on the property.

**Departure**
Application in terms of Section 16(b) of the By-Law in order to:

- relax the northern lateral building from 4.5m to 0.5m to accommodate the proposed steps on the lower ground floor;
- relax the northern lateral building line from 4.5m to 1.85m to accommodate the proposed architectural projection on the ground floor;
- relax the northern lateral building line from 4.5m to 1.85m to accommodate the proposed flat on ground floor;
- relax the southern lateral building line from 4.5m to 1.85m to accommodate the proposed flat on ground floor;
- relax the western street building line from 4m to 2.5m to accommodate the proposed architectural projection on ground floor;
- relax the southern lateral building line from 4.5m to 1.64m to accommodate the existing garage and storage area on ground floor;
- relax the northern lateral building line from 4.5m to 1.85m to accommodate the change of use from a conference center/guest bedroom to a flat on first floor;
- relax the northern lateral building line from 4.5m to 1.85m to accommodate the proposed covered porch on second floor;
- relax the southern lateral building line from 4.5m to 1.6m to accommodate the proposed covered porch on second floor, and
- relax the southern lateral building line from 4.5m to 4.26m to accommodate a proposed flat on first floor.

**Determination of an administrative penalty**
Application in terms of Section 16(2)(q) of the By-Law to accommodate the existing encroachments on the property.

Full details regarding the proposals above are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Division: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus; Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **23 January 2026**, with your name, address, contact details, interest in the application and the reasons for comment. Telephonic inquiries can be made to the **Principal Planner, Mr SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who cannot read or write can visit the Division: Town and Spatial Planning where they will be assisted by a municipal official in formulating their comments.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

